

Vrydag 17 Januarie

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21

Fokusgedeelte: NGB, Artikel 27

Die algemene Christelike kerk

Ons eerste gedagtes en belewenisse van die kerk is nooit dat die kerk algemeen voorkom nie. Die plaaslike gemeente is vir ons kerk en ander kerke is vir ons ver. Met verkykers bespied en verken ons ander kerke. Hoe jammer dat ons meesal die verkykers ook nog verkeerdheid vashou! Daarom lyk alles vir ons “daar oorkant” maar baie klein en vaag en selfs verkeerd.

In Paulus se gebed vir die Efesiërs sien ons dat God anders na die kerk kyk. Die HELE gemeenskap van gelowiges wêreldwyd het hulle bestaan aan Hom te danke. Vir God is die gelowiges van verskillende kerke baie naby aan mekaar. Hulle is één kerk van wie Hy die God en Vader is. Dit geld selfs vir gelowiges wat reeds gesterf het! Al is alle bande met ons geliefdes wat gesterf het, afgesny, ons behoort nog aan dieselfde kerk!

Tye het so verander dat gelowiges van verskillende kerke baie nader aan mekaar moet begin lewe – nie net omdat God ons almal se Vader is nie, en nie net ter wille van oorlewing nie, maar ook om, soos in vers 18 gesê word, “*SAAM MET AL DIE GELOWIGES te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek*”. Waar daar ’n groter uitsig op en betrokkenheid by ander kerke kom, groei die belewenis, die insig en die begrip van die liefde van Christus ook. Só sal ons saam in liefde gewortel en gegrondves bly, soos wat in vers 17 bely word! Dit is tyd om die verkykers reg te draai.

Sing: Psalm 103-1:7

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)